**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan die omgewing of nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in geval van enige onsekerheid.**

## **VOORSORGMATREËLS**

- Moenie eet, drink of rook terwyl hierdie produk hanteer word nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- In geval van toevallige kontak met die vel, was deeglik met seep en water. In geval van oogkontak, verkry mediese aandag soos benodig.
- Vervang en was besoedelde klere.
- Voorkom inaseming van spuitnewel en dampe.
- Vermoë enige kontak met die sproeinewel sover moontlik.
- Voorkom wegdrywing na ander gevoelige gewasse, weiding, riviere en damme asook enige ander gebied wat nie onder behandeling nie.
- Reinig toedieningsapparaat deeglik na gebruik en giet waswater uit waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Vernietig die leë houers sodat dit vir geen ander doel gebruik kan word nie.
- Oormatige skuim mag voorkom tydens gebruik van die heel hoogste konsentrasies **KILO MAX**. Dit word aanbeveel dat 'n geskikte teen-skuimmiddel by die spuitwater in die spuittenk gevoeg word voor die byvoeging van **KILO MAX**.

## **GEBRUIKSAANWYSINGS:**

**Gebruik slegs soos aangedui**

Dit is 'n oortreding van Goewermentskennisgewings R.1716 van 26 Julie 1991 en R.181 van 7 Februarie 2003 uitgereik kragtens die Wet op Misstawwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet Nr: 36 van 1947), om hierdie middel te gebruik op 'n wyse wat strydig is met die etikettering daarvan, of om dit oor te gooi in enige ander houers.

- Gebruik slegs skoon water in die spuitmengsel.
- Verseker altyd dat die toedieningsapparaat skoon en korrek gekalibreer is voor toediening begin.
- Gebruik lae spuitdruk (100 – 200 kPa) om wegdryf van sproeinewel te voorkom.
- **KILO MAX** is 'n nie-selektiewe, sistemiese onkruidodder en is slegs aktief as dit op die groen loof en bas van plante, waarvandaan absorpsie kan plaasvind, toegedien word. Kontak met onvolwasse, groen bas, soos by bome jonger as drie jaar, kan lei tot ernstige gelokaliseerde of getranslokeerde skade. **OM HIERDIE REDE MOET ENIGE KONTAK MET DIE BLARE, ASOOK GROEN, ONVOLWASSE BAS EN VRUGTE VAN GEWENSTE PLANTEGROEI VERMY WORD – HETSY DEUR DIREKTE BESPUITING OF DEUR SPROEINEWEL. VERSEKER ALTYD DAT SLEGS ONGEWENSTE PLANTE BEHANDEL WORD.**
- Moenie op gesnoeide bome spuit voordat snoeiwonde nie behoorlik geseël het nie.
- Die sigbare effek van **KILO MAX** word gewoonlik eers sigbaar 10 – 14 dae na behandeling, maar mag wissel na gelang van heersende weerstoestande.
- **KILO MAX** moet toegedien word op aktief-groeiende onkruid wat nie rustend is nie en vry van hitte- en/of vogstremming. Verseker dat teikenplante volledig blootgestel is aan die **KILO MAX** bespuiting.
- Reën of besproeiing 'n paar dae voor 'n **KILO MAX** toediening, kan meebring dat onkruid aktief groei en daardeur lei tot optimum resultate. Reën of besproeiing 2 uur of meer na toeding sal nie die effektiwiteit van **KILO MAX** verminder nie. Moet nie stofbedekte loof bespuit nie – wag eerder tot na reën.
- **KILO MAX** beskik nie oor enige aktiwiteit in die grond nie en gevolglik sal, waar die produk op sy eie gebruik word, herhaalde toedienings vereis word om ontkiemende onkruidsaad te beheer. Indien verlengde onkruidbeheer vereis word, kan **KILO MAX** in 'n tenkmengsel gekombineer word met 'n geskikte grond-aktiewe middel soos, diuron, simasien, terbutielasien of tebutiuron. Modifikasie van die spuitwater, deur die byvoeging van 'n ammonium-sulfaat gebaseerde produk (1 – 2 % van die watervolume), word aanbeveel by die aanmaak van sulke mengsels.

### Gebruiksbeperkings:

**Wanneer KILO MAX gebruik word om 'n saadbed voor te berei vir oorplant van saailinge of die saai van enige gewas met groen, sagte stamme, moet 'n minimum periode van 14 dae verloop tussen bespuiting en oorplanting of saai van saad.**

### Mengverhoudings

Optimum resultate word behaal wanneer die hoeveelheid **KILO MAX** 'n minimum van 1.1 %, of meer, van die totale spuitvolume, verteenwoordig.

### Voorbeelde:

- 0,78 kg (780 g) **KILO MAX** in 100 ℓ water = 0,78 % oplossing;
- 1,5 kg (1500 g) in 250 ℓ water = 0.6 % oplossing. Voeg 'n addisionele 0,45 kg (450 g) **KILO MAX** by die inhoud van die spuittenk;
- 0,078 kg (78 g) in 10 ℓ water = 0,78 % oplossing;
- 0,156 kg (156 g) in 10ℓ water = 1,56 % oplossing.

**Nota: Weens die aard van die produk mag afmetings wat met die gekalibreerde meetapparaat gemaak word met soveel as 7,5% afwyk van die aangeduide dosis. Om die voorgeskrewe dosis van die produk volkome akkuraat af te meet, moet 'n skaal gebruik word.**

### Menginstruksies:

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Voeg die korrekte hoeveelheid **KILO MAX** by. Maak die tenk met skoon water vol tot by die verlangde volume. Verseker deeglike roering. In geval van tenkmengsels, moet die bykomende onkruidodder na **KILO MAX** in die tenk bygevoeg word en aanhoudend geroer word voor en tydens toediening.

### TOEDIENINGSMETODE

Verwyder alle aanpaksels en reste van benatbare poeiers in spuittenks voor die toevoeging van **KILO MAX**. Spuittoerusting moet akkuraat gekalibreer word onder veldtoestande, voordat toediening 'n aanvang neem.



Voorkom die gebruik van modderige of brak water. Dit is nie nodig om **KILO MAX** toe te dien tot die punt van afloop nie, maar 'n egalige bedekking van bogrondse plantdele is noodsaaklik.

### Grondtoediening:

**KILO MAX** kan deur middel van konvensionele grondspuittoerusting (trekker-gemonteerde balkspuite en rugsakspuite) toegedien word. Grondspuittoerusting met geskikte spuitpunte wat 'n bespuitingsvolume van 30 – 600 l / ha gee, word aanbeveel vir optimale bedekking. Waar spuitstofwegdrywing 'n probleem is moet die druk nie 2 Bar oorskry nie. Om spuitstofwegdrywing te voorkom moet teen 'n druk soos aanbeveel vir 'n spesifieke spuitpunt, gespuit word.

### Lugtoediening:

**Raadpleeg die KILO MAX verteenwoordiger voordat begin word met lugtoediening, of voordat dit gereël word.**

**KILO MAX** kan met 'n vliegtuig toegedien word mits die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word. Beperk die verlies van spuitmengsel tot 'n minimum gedurende toediening. Voldoen aan die volgende vereistes vir bevredigende resultate:

- Gebruik slegs 'n korrek gekalibreerde vliegtuig
- 'n Minimum spuitvolume van 30 – 50 l / ha
- 'n Druppelspektrum VMD van 200 - 400 mikron
- 'n Druppelbedekking van 30 - 50 druppels per vierkante sentimeter moet op die teiken herwin word.
- Gebruik die korrekte baanbreedtes toepaslik vir elke tipe vliegtuig
- Handhaaf 'n vlieghoogte van 2 meter bokant die teikengebied by windsnelhede van 0 – 10 km / uur.
- Moet nie spuit as die windsnelheid 10 km / uur oorskry nie
- Moet nie toedien as die relatiewe humiditeit laer as 40 % is nie.
- Moet nie gedurende die hitte van die dag toedien nie.
- Moet nie op plante toedien wat met 'n dik laag stof bedek is nie
- Maak seker dat die area wat bespuit gaan word akkuraat gemerk is
- Spuitstofwegdrywing kan beheer word deur byvoeging van middels wat spuitnewel verminder of deur lae-newel spuitpunte te gebruik.
- Verkry versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan bostaande vereistes voldoen sal word.

### WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir doeleindes van weerstandbestuur, is **KILO MAX** 'n groepkode G onkruidodder. Enige bevolking onkruid kan sommige onkruid bevat wat natuurlik weerstandbiedend is teen **KILO MAX** en ander groepkode G onkruidodders. Indien hierdie groepkode onkruidodders herhaaldelik toegedien word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die bevolking oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **KILO MAX** of enige ander groepkode G onkruidodder beheer word nie.

Ten einde weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermyn die uitsluitlike en herhaaldelike gebruik van onkruidodders behorende tot dieselfde groepkode.
- Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van middels van verskillende onkruidodder groepkodes.
- Integreer chemiese middels en verbouingspraktyke in onkruidbeheerprogramme.

Vir meer inligting oor weerstandbestuur raadpleeg die registrasiehouer

### TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

**KILO MAX** sal die meeste een- en meerjarige onkruid wat van saad ontkiem, na-opkoms beheer in situasies soos onbewerkte saadbeddings, voor die aanplant van gewasse (insluitend boomgewasse) asook in industriële gebiede. Dien **KILO MAX** toe volgens die groeistadium van onkruid. Gebruik die hoër dosisaanbevelings in die reeks vir ouer en meer gevestigde onkruid in die spesifieke groeistadium.

- **Tydskodes vir bespuiting**
  - VL- Vroeë lente
  - S - Somer
  - H - Herfs

- o W - Winter

▪ **Onkruidbeheertabelle**

- Tabel I: Industrieël / nie-gewas onkruidbeheer  
 Tabel II: Wateronkruid  
 Tabel III: Skadelike-, indringer- en meerjarige plante  
 Tabel IV: Bosbou  
 Tabel V: Groeiregulering / Chemiese sny  
 Tabel VI: Beheer van eenjaaronkruid

Tabel I: Industrieël / nie-gewas onkruidbeheer		
Area	KILO MAX Dosis	Opmerkings
Industrieël / Nie-oes areas	0,54 tot 1,57 kg/ha of 0,78 % oplossing	Slegs eenjaar-onkruid
	1,1 tot 5,2 kg/ha of 0,78 tot 1,57 % oplossing	Meeste een- en meerjarige onkruid kan verwag word om beheer te word. <b>Gebruik die hoër dosis/konsentrasie vir meerjarige grasse, insluitende <i>Cynodon dactylon</i> (kweek).</b> Dien toe gedurende 'n periode van aktiewe groei, wanneer onkruid vry is van omgewingstremming en voldoende ontwikkel om <b>KILO MAX</b> optimaal te absorbeer. Hergroei kan d.m.v. kolbehandelings met 'n 0,78 % oplossing bespuit word, indien benodig. Vir verlengde onkruidbeheer, kombineer <b>KILO MAX</b> met nawerkende onkruiddoders na gelang van die aanbevole dosis van laasgenoemde. Vir spesifieke onkruid, sien Tabela III en VI.

Tabel II: Wateronkruid			
Spesie	Tyd van toediening	KILO MAX Dosis	Opmerkings
Waterhiasint ( <i>Eichornia crassipes</i> )	S	3,1 kg/ha of 1,57 % oplossing	<b>Rugsakspuit:</b> 1,6 % oplossing. <b>Newelblaser:</b> 2,0 % oplossing. Dien toe wanneer nuwe blare goed ontwikkel en ten volle blootgestel is.
Fluitjiesriet ( <i>Phragmites australis</i> )	S	2,15 kg/100l water (2,15 % oplossing)	Handtoediening: Behandel in die somer wanneer die teikenplante in 'n 10 - 20 % blom-stadium is en aktief groei. Toediening tot by aflooppunt is voldoende. Dien 1000 - 1500l spuitmengsel/ha toe ten einde deeglike bedekking van alle groen loof te verseker. 'n Opvolgbehandeling mag benodig word vanweë die voortplantings- en groeiwyse van fluitjiesriet. Die opvolgbehandeling moet geskied wanneer die hergroei sowat 1 - 1,5m hoog is.

<p>Papkuil (<i>Typha capensis</i>)</p>	<p>S</p>	<p>2,15 kg/100l water (2,15 % oplossing)</p>	<p>Handtoediening: Dien in die somer toe wanneer die teikenplante minstens 1,0 m hoog is tot en met 'n vroeë blomstadium (10 – 20%) en aktief groei. Die spuitvolume moet by die hoogte en digtheid van die teikenplante aangepas word ten einde deeglike benatting van alle groen loof te verseker. Dien toe tot by aflooppunt. Waar plante sowat 1,25m hoog is, moet 250 - 500l spuitmengsel/ha toegedien word, maar plante in die blomstadium mag tot 1000l spuitmengsel/ha vereis. 'n Opvolg-behandeling mag benodig word vanweë die voortplantings- en groeiwyse van papkuil. Die opvolgbehandeling moet geskied wanneer die hergroei minstens 1 m hoog is.</p>
--	----------	--	--

Tabel III: Skadelike-, indringer en meerjarige plante			
Onkruid	Tyd van toediening	KILO MAX Dosis	Opmerkings
<p>Spaanse riet (<i>Arundo donax</i>)</p>	<p>S</p>	<p>2,15 kg/100l water (2,15 % oplossing)</p>	<p><b>Handtoediening:</b> Teikenplante moet aktief groei tydens bespuiting. Behandel gedurende laat somer (februarie of Maart). Die spuit-volume moet by die hoogte en digtheid van die teikenplante aangepas word ten einde deeglike benatting van alle groen loof te verseker. Toediening tot by aflooppunt is gewoonlik voldoende. Hoë, volwasse plante mag tot 1600l spuitmengsel/ha vereis. 'n Opvolgbehandeling mag nodig wees vanweë die voortplantings- en groeiwyse van Spaanse riet. Die opvolg-behandeling moet geskied wanneer die hergroei minstens 1,5 m hoog is.</p>
<p>Pampasgras (<i>Cortaderia spp.</i>)</p>	<p>S</p>	<p>3,57 kg/100l water (3,57 % oplossing)</p>	<p><b>Handtoediening:</b> Dien in die somer toe wanneer teikenplante aktief groei en die nuwe groei minstens 1m hoog is. . Deeglike benatting (tot by aflooppunt) van alle groen loof is noodsaaklik. Indien 'n opvolg-behandeling benodig word, moet dit geskied wanneer hergroei minstens 0,5 m hoog is. Gebruik 'n 2,15 % oplossing vir opvolg-behandelings.</p>

Luisboom ( <i>Solanum mauritianum</i> )	S/H	1,3 kg/ha of 0,78 % oplossing	<b>Groot bome:</b> Sny stamme 5 tot 20 cm bo die grondoppervlak af. Bespuit sodra hergroei kniehoogte bereik. <b>Saailinge:</b> Plante tot 'n hoogte van 1 m kan bespuit word met 'n 0.26 % oplossing.
Port Jackson ( <i>Acacia saligna</i> )	VL/H	1,03 kg/ha of 0,78 % oplossing	<b>Slegs saailinge:</b> * Tweeblaarstadium – 1,03 kg/ha * Tot 60 cm hoog – 2,06 kg/ha
Oulandsgras ( <i>Eragrostis curvula</i> )	S/H	1,57 kg / ha	–
Wlde graansorghum ( <i>Sorghum bicolor</i> )	S/H	1,07 kg/ ha	–
Swartwattel ( <i>Acacia mearnsii</i> )	S	1,57 kg/ha of 0,78 % oplossing	Behandel plante tot 1 m hoog Behandel slegs voor die blomstadium <b>Saailinge:</b> Tot 1 m hoog – 0,78 % oplossing Hoër as 1 m – 1,07 % oplossing <b>Struik/bome:</b> Sny en wanneer hergroei 1m hoog is, bespuit met 'n 0,78 tot 1,07 % oplossing. Dien alleenlik voor die blomstadium toe.
Inkbessie ( <i>Phytolacca heptandra</i> )	S		
Mauritiusdoring ( <i>Caesalpinea decapetula</i> )	S		
Tongblaar ( <i>Plantago lanceolata</i> )	VL		
Sesbania ( <i>Sesbania punicea</i> )	VL		
Steenboksuring ( <i>Rumex spp.</i> )	VL		
Johnsongras ( <i>Sorghum halepense</i> )	S/H	2,07 kg/ha of 0,78 % oplossing	Volg op deur hergroei te bespuit teen 1,57 kg/ha of kolbehandel met 'n 0,78 % oplossing.
Kikoejoe ( <i>Pennisetum clandestinum</i> )	S	2,07 kg/ha of 0,78 % oplossing	Dien toe gedurende 'n periode van aktiewe groei (somer). Hergroei: 1,57 kg/ha of kolbehandel met 0,78 % oplossing. Winterreënvalgebied: Behandel tydens laat somer/herfs, voor eerste ryp.
Nasella polgras ( <i>Stipa trichotoma</i> )	W	2,07 kg/ha of 0,78 % oplossing	Gebruik ten minste 400 l water /ha. Kolbehandel hergroei of bespuit tydens vroeë lente met 'n 1,07 % oplossing.
<b>Tabel III: Skadelike-, indringer en meerjarige plante – Vervolg</b>			
<b>Onkruid</b>	<b>Tyd van toediening</b>	<b>KILO MAX Dosis</b>	<b>Opmerkings</b>

Brame ( <i>Rubus</i> spp.)	S/H	3,08 kg/ha of 1,57 % oplossing	<b>Rugsakspuit:</b> 1,57 % oplossing, of <b>Newelblaser:</b> 2,07 % oplossing
Buffelsgras ( <i>Panicum maximum</i> )	S		Behandel hergroei teen 1,57 kg/ha of kolbespuit met 'n 0,78 % oplossing.
Bosbuffelsgras ( <i>Setaria megaphylla</i> )	S/A		<b>Rugsakspuit:</b> 1,57 % oplossing. <b>Newelblaser:</b> 2,07 % oplossing.
Polpaspalum ( <i>Paspalum dilatatum</i> )	S		Behandel vanaf die blomstadium, maar voor saadval. Hergroei kan behandel word teen 1,57 kg/ha of kolbehandel met 'n 1,07 % oplossing.
Akkerwinde ( <i>Convolvulus arvensis</i> )	S		Behandel tydens die vroeë blomstadium. Hergroei kan behandel word met 'n 0,78 % oplossing, indien nodig.

**Tabel III: Skadelike-, indringer en meerjarige plante – Vervolg**

Onkruid	Tyd van toediening	KILO MAX Dosis	Opmerkings
Reuse sensitiewe plant ( <i>Mimosa pigra</i> )	S	3,08 kg/ha of 1,57 % oplossing	Kap en bespuit hergroei en/of saailinge wanneer 1 m hoog.
Lantana ( <i>Lantana camara</i> )	S/H		<b>Rugsakspuit:</b> 1,57 % oplossing. <b>Newelblaser:</b> 2,07 % oplossing.
Rooiuintjie ( <i>Cyperus rotundus</i> )	S		Dien toe met blom. Hergroei: Gebruik 1,57 kg/ha of kolbehandel met 'n 0,78 % oplossing tydens vroeë herfs (Feb/Maart).
Geeluintjie ( <i>Cyperus esculentus</i> )	S		Behandel tydens die blomstadium en bespuit hergroei teen 1,57 kg/ha of kolbespuit met 'n 0,78 % oplossing tydens vroeë herfs (Feb/Maart).
Trosden ( <i>Pinus pinaster</i> )	VL/S/H	7,7 kg / 100 l water (7,7 % oplossing)	<b>Kraagbehandeling:</b> Sny die kraag rondom die stam deur die bas, tot by die kambiumlaag. Die kraag moet nie meer as 50 cm bo grondvlak nie gemaak word nie. Toediening van die <b>KILO MAX</b> -oplossing moet deur middel van 'n geskikte laedrukspuit, binne 15 minute na die kraag gemaak is, plaasvind.
Dagga <i>Cannabis sativa</i>	VL/S/H	1,62kg/ha (5,36 % oplossing)	<b>Slegs lugtoediening:</b> Meng 15 kg <b>KILO MAX</b> met 200l goeie gehalte spuitwater wat vry is van enige sigbare organisme

			<p>material en gronddeeltjies. Tydens toediening moet aan al die voorskrifte vermeld onder <b>TOEDIENINGSMETODE</b> – <b>Lugtoediening</b>, voldoen word. Bestudeer ook vooraf <b>Menginstruksies</b>.</p> <p>▪ <b>Handtoediening:</b> Dien <b>KILO MAX</b> as 'n 1,57% oplossing toe as 'n volle dekbespuiting op aktiefgroeiende plante.</p>
Kweek ( <i>Cynodon dactylon</i> )	S/H	4.3 – 6.5 kg/ha of 2.2 % oplossing	Behandel gedurende somer of herfs. Volg op tydens die volgende somer soos nodig. Behandel slegs wanneer die gras voldoende ontwikkel het en aktief groei, ten einde effektiewe blaaronname te verseker.
Kweekpaspalum ( <i>Paspalum paspaloides</i> )	S	4,11 – 4,64 kg/ha	Behandel tydens die blomstadium (voor saadval) en bespuit hergroei teen 2,07 kg/ha of kolbespuit met 'n 1,04 % oplossing tydens vroeë herfs (Feb/Maart). <b>Winterreënvalgebied:</b> Dien toe teen 4,64 kg/ha tydens herfs, voor eerste ryp.
Paraffienbos ( <i>Chromolaena odorata</i> )	S/H	Sien Opmerkings	<b>Gevestigde plante:</b> Kap gevestigde plante af. Wanneer hergroei 0,5 – 1,2 m hoog is, behandel met 'n 0,54 % oplossing. Verseker dat plantloof en blare volledig bedek word tydens bespuiting. Voorheen gekapte, meerstammige plante mag 'n addisionele behandeling vereis.
Silwerwattel ( <i>Acacia dealbata</i> )	S/H	10,3 kg / 100 ℓ water (10,3 % oplossing) + 500 mℓ BP Crop Oil	Behandel tydens aktiewe groei. <b>Gesnyde stomp:</b> Behandel die vars snyvlak (binne 30 minute) tot die punt van afloop. Kap/sny stompe laag – nie hoër nie as 25 cm bo grondvlak. <b>Kraagbehandeling:</b> Sny die kraag rondom die stam, deur die bas, tot by die cambiumlaag. Maak die kraag so laag moontlik (nie meer as 25 cm bo grondvlak nie). Behandel die ontblote kambium met die <b>KILO MAX</b> oplossing binne 30 minute na die kraag gemaak is.

Tabel III: Skadelike-, indringer en meerjarige plante – Vervolg			
Onkruid	Tyd van toediening	KILO MAX Dosis	Opmerkings
<i>Eucalyptus grandis</i> -stompe	-	2,57 % oplossing	<b>Enkelstam stompe:</b> (geen vorige hergroei) Gebruik ten minste 50 ml van die oplossing. Benat die hele snyvlak van die stomp, veral by die kambium (waar die bas en hout ontmoet).
	-	3,85 % oplossing	<b>Meerstammige stompe:</b> Gebruik ± 100 ml oplossing/boom. Verseker behoorlike benatting van elke snyvlak, veral t.o.v. die kambium-area.
			Addisionele inligting t.o.v. die behandeling van bloekomstompe: <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Dien toe op skoon snyvlakke, onmiddellik na die saagproses voltooi is. Gebruik laedrukspuite. Stompe wat hergroei na behandeling, moet korter gesaag word, of ringuleer om die kambium, wat dan behandel word, te ontbloot.</li> <li>▪ Misvormde hergroei, wat uiteindelik terugsterf in meeste gevalle, mag voorkom na behandeling. Indien nie, herbehandel met 'n 1,04 % oplossing.</li> </ul> Beheer van ander <i>Eucalyptus spp.</i> mag wisselvallig wees na behandeling met <b>KILO MAX</b> en mag dus verdere behandeling vereis.

<b>Tabel IV: Bosbou</b>		
Vir die beheer van uitheemse, skadelike- en meerjarige plante, sien Tabel III.		
<b>Situasie</b>	<b>KILO MAX Dosis (kg/ha)</b>	<b>Opmerkings</b>
<p><b>1. VOORBRANDE</b> Voorbereiding - algeheel of in stroke.</p> <p><b>2. VOORBEREIDING VAN STROKE VIR SAAILING-VESTIGING</b> Tipiese situasies wat geskik is vir behandelings: a) Onversteurde weiveld b) Ontbosde plantasies</p>	2,07 of 1,07 % oplossing	<p>Onkruidpopulasies in situasies 1 en 2 sal uit een- sowel as meerjarige onkruid bestaan. Wat beheer van sommige van hierdie onkruid betref, sien Tabelle III en IV.</p> <p>'n Minimum van 200 l spuitmengsel / ha moet gebruik word wanneer die 1.5 % oplossing toegedien word.</p> <p>'n Opvolgbehandeling mag nodig wees om sekere hardnekkige meerjarige onkruid te bestry. Gebruik 'n 1,07 % oplossing vir kolbespuitings.</p>

<b>Tabel V: Groeiregulering / Chemiese sny</b>		
<b>Onkruid</b>	<b>KILO MAX Dosis (kg/ha)</b>	<b>Opmerkings</b>
<p><b>Meejarige grasse:</b> Gewone paspalum (<i>Paspalum dilatatum</i>) Dektamboekigras (<i>Hyparrhenia hirta</i>) Swenkgras (<i>Fescues</i> spp.) Rotstert fynsaadgras (<i>Sporobolus africanus</i>) Reddingsgras (<i>Bromus uniloides</i>) Raaigras (<i>Lolium</i> spp.) Smutsvingergras (<i>Digitaria eriantha</i>) Langbeen paspalum (<i>Paspalum urvillei</i>)</p>	0,21 – 0,51	<p>Na 'n meganiese sny, wag 10 to 15 dae voor die toediening van <b>KILO MAX</b> . Indien groeitoestande egter besonder gunstig is, behandel binne 5 dae na sny.</p> <p>Een chemiese behandeling kan 2 tot 4 meganiese snye vervang, afhangende van die dosis, spesies en klimaatstoestande. Alhoewel die hoër dosis 'n langduriger effek mag hê, kan dit ook lei tot meer opsigtelike vergeling, veral gedurende die laat-somer en herfs.</p>
Kweek ( <i>Cynodon dactylon</i> )	0,21 – 0,52	
Kikoejoe ( <i>Pennisetum clandestinum</i> )	0,11 – 0,31	



Tabel VI: Beheer van eenjaaronkruid

## 1. Breëblaaronkruid:

Die volgende breëblaaronkruid word beheer teen die dosisse en op die groeistadia soos aangedui.

KILO MAX [kg/ha]		
0,54 – 1,07 kg/ha	1,07 kg/ha	1,57 kg/ha
1 – 12 Blaar	12 Blaar tot voor-blom	Blomstadium
<i>Alternanthera pungens</i> <i>Amaranthus hybridus</i> <i>Amaranthus spinosus</i> <i>Amaranthus thunbergii</i> <i>Arctotis venusta</i> <i>Argemone subfusiformis</i> <i>Bidens pilosa</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Chenopodium ambrosioides</i> <i>Chenopodium carinatum</i> <i>Chenopodium murale</i> <i>Cirsium arvense</i> <i>Citrullus lanatus</i> <i>Cucumis spp</i> <i>Datura ferox</i> <i>Datura stramonium</i> <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Gisekia pharnaceoides</i> <i>Lepidium africanum</i> <i>Physalis angulata</i> <i>Pseudognaphalium luteo-album</i> <i>Pseudognaphalium undulatum</i> <i>Richardia brasiliensis</i> <i>Pentzia grandiflora</i> <i>Spergula arvensis</i>	kakiedubbeltjie Kaapse misbredie doringmisbredie rooimisbredie witgousblom witblom bloudissel knapsekêrel withondebossie kruiehondebossie goenhondebossie muurhondebossie Kanada dissel karkoer wildekomkommer grootstinkblaar stinkblaar knopkruid Gisekia peperbossie wildeappelliefie roerkruid roerkruid tropiese Richardia Karoobossie Sporrie	

## 2. Grasse:

Die volgende grasse sal beheer word op die groeistadia en teen dosisse aangedui hieronder.

KILO MAX [kg/ha]	
0,71 – 1,07 kg/ha	1,57 kg/ha
1 Blaar tot voor-blom	Blomstadium
<i>Avena fatua</i>	gewone wildehawer
<i>Avena spp</i>	wildehawer
<i>Briza maxima</i>	bewertjies
<i>Bromus diandrus</i>	predikantsluis
<i>Eleusine indica</i>	jongosgras
<i>Eragrostis curvula</i>	oulandsgras
<i>Ehrharta longiflora</i>	hawersaadgras
<i>Hordeum murinum</i>	wildegars
<i>Lolium multiflorum</i>	Italiaanse raaigras
<i>Lolium temulentum</i>	drabok
<i>Panicum schinzii</i>	soetbuffelsgras
<i>Poa annua</i>	wintergras
<i>Rhynchelytrum repens</i>	Nataalse rooipluim
<i>Secale cereale</i>	Rog
<i>Sorghum bicolor</i>	Wilde graansorghum
<i>Tragus racemosus</i>	Grootwortelsaadgras

## 3. Breëblaaronkruid en grasse:

KILO MAX [kg/ ha]		
0,71 – 1,07 kg/ha	1,07 – 1,57 kg/ha	1,57 – 2,07 kg/ha
1- 12 Blaar	12 Blaar tot voor-blom	Blomstadium
<i>Arctotheca calendula</i>	Soetgousblom	
<i>Chamaesyce hirta</i>	Rooimelkbossie	
<i>Chamaesyce inaequilatera</i>	Gladde kruipmelkkruid	
<i>Chloris virgata</i>	Witpluimgras	
<i>Commelina benghalensis</i>	Wandelende Jood	
<i>Coronopus didymus</i>	Peperkruid	
<i>Crotalaria sphaerocarpa</i>	Mielie Crotalaria	
<i>Emex australis</i>	Kaapsedubbeltjie	
<i>Fumaria muralis</i>	Duiwelkerwel	
<i>Hibiscus cannabinus</i>	Wildestokroos	
<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie	
<i>Ipomoea purpurea</i>	Purperwinde	
<i>Paspalum urvillei (saailinge)</i>	Langbeen Paspalum	
<i>Portulaca oleracea</i>	Gewone porselein	
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas	
<i>Phalaris minor</i>	Kleinsaadkanariegras	
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos	
<i>Senecio burchellii</i>	Geelgifbossie	
<i>Sesamum triphyllum</i>	Wildesesam	
<i>Setaria pallide-fusca</i>	Rooiborselgras	
<i>Setaria verticillata</i>	Klitsborselgras	
<i>Sonchus oleraceus</i>	Gewone sydiessel	
<i>Tagetes minuta</i>	Langkakiebos	
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie	
<i>Veronica spp.</i>	Veronica	
<i>Zea mays</i>	Opslag mielies	
<i>Triticum spp.</i>	Opslag koring	

## 4. Breëblaaronkruid en grasse:

KILO MAX [kg/ ha]		
1,28 – 1,57 kg/ha	1,57 – 2,57 kg/ha	2,57 – 3,07 kg/ha
1 – 12 Blaar	12 Blaar tot voor-blom	Blomstadium
<i>Cleome gynandra</i>	Snotterbelletjies	
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras	
<i>Echinochloa crus-galli</i>	Hanepootmanna	
<i>Echium lycopsis</i>	Pers-Echium	
<i>Hypochoeris radicata</i>	Skaapslaai	
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras	
<i>Plantago lanceolata</i>	Tongblaar	
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisendknoop	
<i>Paspalum urvillei</i>	Langbeen Paspalum	
<i>Sida cordifolia</i>	Hartblaartaaiman	
<i>Solanum nigrum</i>	Nastergal	
<i>Verbena officinalis</i>	Europese Verbena	
<i>Urochloa panicoides</i>	tuin Urochloa	

**VOLCANO AGROSCIENCE ( Edms) Bpk handelsmerke en registrasies erken onder Wet 36 of 1947:**

- Diuron 800 SC                      Reg No L6159
- Diuron 800 WG                     Reg No L7040
- Terbutylazine                        Reg No L7200
- Bromacil 500 SC                    Reg No L7139
- Simazine 500 SC                    Reg No L7201
- Marathon SC                         Reg No L7435